

22 April

Filippense 4:10-14, (Teks: 4:10)

Christus gee krag

'n Gelowige se lewe gaan selde op 'n gelyk pad. Dit is meesal 'n kwessie van op en af, voorspoed en teenspoed, teleurstellings en terugslae. Soms is dit so neerdrukkend dat dit haas vir jou onmoontlik voel om nog voort te gaan. Paulus beskryf presies hierdie wisselende gang van 'n mens se lewe. Luister maar hoe het hy dit ervaar soos hy dit beskryf in Fil. 4. En dan sê hy: "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee". Hy bedoel: Te midde van hierdie wisselende omstandighede gee Christus die krag om voort te gaan om sy roeping te bly vervul. Vir ons is dit baie belangrik om te weet dat ons 'n kragbron het. Dit is Christus. Hy gee aan ons die krag om elke dag voort te gaan met ons roeping. Krag kan net van 'n bron verkry word as daar 'n verbindingslyn is met die kragbron. Ons verbinding met Christus is 'n geloofsverbinding en dit is sekerlik ons verantwoordelikheid om hierdie verbinding in stand te hou. Daarvoor het die Here ons die middele gegee: Die Woord en die gebed. Dit hou ons verbinding met die kragbron heel en in stand.

Gaan dit moeilik in jou lewe? Sien jy op teen dit wat jy vandag moet doen? Neem die middele op wat jou met die kragbron verbind en jy sal vind dat jy kan voortgaan - dat jy kan sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee".

Ds. P.J.L. du Plessis (Elandspoort)